

Einde van die 2019 rolbalseisoen



Op die foto: Gustav Booyen, Adele Booyen, Natasha Jonker en Jurie Jonker.

Hoërskool Heilbron se tennisspelers presteer



Hoërskool Heilbron se seuns 0/10 en dogters 0/11 tennisspanne het die afgelope naweek aan 'n toernooi by Buffelspoort deelgeneem. Die dogters het tweede geëindig in hulle ouderdomsgroep. Op die foto agter: Elyn-Evè Joubert, Lumé Dippenaar, Minette Els en Adri Erasmus. Voor: Frederik Erasmus, Gerrit du Plooy, Jannie Els en Willie Bornman.

So is die rolbalseisoen Saterdag afgesluit met 'n baie suksesvolle borsdag, met spanne vanaf Frankfort, Parys, Sasolburg, Steynsrus, Heidelberg en Kroonstad wat deelgeneem het. Dit is dan weer bewys dat die sport ook in die hande van die jonger geslag is, met die span van Jurie Jonker wat wegstap met die eerste prys, terwyl die tweede prys ingepalm word deur die Frankfort span van Gerrie Muller. Soos gebruikelik het die "bullterrier" van Heilbron vasgebyt en die derde prys van die dag het aan Koos Bierman en sy span gegaan.

Woensdag was die dames se bederfdag en met dit agter die rug het die groot werk Donderdag in aanvang geneem met die baan wat "gescarify" is. Die res van die baan se instandhouding sal volgende week gedoen word.

Met die groot hoeveelheid werk wat afgehandel moet word sal die baan waarskynlik eers teen die einde van September weer open vir die nuwe seisoen. Lede word weer herinner aan die algemene jaarvergadering wat plaasvind op 12 September om 18:00 in die klubhuis.

Het jy geweet?

Die woord Biltong

Hierdie lekkerny kom van 'n boud af. "Bil" is afkomstig van Nederlands wat beteken "boud". "Tong" dui egter op 'n strook wat lang stukke vleis is vanuit 'n dier se boud.

Bil + tong is dus 'n gedroogde strook boudvleis.

Iemand wat biltongmaer is, lyk uitgeteer soos 'n stuk biltong wat massa verloor het in die uitdroogproses!

Sonkrag, Eskom en die toekoms van elektrisiteit

• Dr. Wynand Boshoff
VF Plus-LP en hoofwoordvoerder:
Mineraal- en energiesake

Die onlangse, uiteenlopende nuusberigte het opnuut die aandag op die voorsiening van elektrisiteit in Suid-Afrika gevestig.

Die een is die Hoof Uitvoerende Beampte van Gold Fields wat by die regering daarop aandring om groot sonkragprojekte te bespoedig om reuse werksverliese weens hoë kragpryse te voorkom. Die tweede is Eskom wat waarsku dat ekonomiese groei tot beurtkrag kan lei en die derde is Greenpeace se verdoemende uitspraak oor die lugbesoedeling in die Kriel-omgewing.

Hierdie uitsprake dui op sowel die noodsaaklikheid van alternatiewe vir steenkoolgegronde kragopwekking, as die doeltreffendheid van sonkrag.


Tot onlangs was die kritiek teen sonkrag dat dit nie prysgewys met steenkool- of kernkragentrales kan meeding nie en dat bogenoemde energiebronne beleggings in

sonkrag oorbodig maak. Wat nou blyk is dat sonkrag suksesvol meeding wat prys, sowel as die tempo van installering aanbetref.

Dit is duidelik dat Eskom se bestaande bouprojekte, wat langer as 'n dekade reeds aan die gang is, nie betyds voltooi gaan wees om aan stygende aanvraag te voldoen nie.

Selfs al wek soninstallasies net gedurende die dag krag op, kan dit vinnig geïnstalleer word en voorsien ten minste dān krag wat andersins nie beskikbaar sou wees nie. Dalende batterykoste en vordering met Suid-Afrika se waterstof-brandstofprogram, kan die land se afhanklikheid van steenkool verlig.

Die vraag wat onbeantwoord bly is waarom Suid-Afrika steeds aan steenkool as energiebron vasklou as omgewings- en ekonomiese faktore daarteenoor staan. Wat ook al die antwoord, gewone burgers, (privaat én korporatief) sal na verwagting 'n meer rasonale keuse op die owerhede afdwing.



Briewe aan:

Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heilgerig aan die redakteur.

Ek het so half en half gewens, dat ek Oubaas van 7de Laan, kon nader roep met sy gevleuelde woorde, om dankie te sê. Maar dis ook nie nodig al die gevleuelde woorde nie, solank dit diep uit die hart kom, en opreg bedoel is. Was dit nou nie dierbaar van die susters van die Gereformeerde Kerk om Donderdag die 22ste, vir ons hier by Huis Bron-van-Heil te verras met 'n heerlike maaltyd vir middag-ete, met poeding daarby. Wat ek glo met groot liefde vir ons voorberei is, en in mooi versierde houers. Hoe was daar altyd gesê? As liefde en omgee nie omskep word in goeie dae nie, is dit nie veel werd nie. Solank sulke dae net diep uit die hart kom, en ek glo, dis presies só uit die hart gegee, hulle liefde daad. Baie dankie, dit word opreg waardeur, en dankie dat julle aan ons gedink het.

Met seënbede
oorgepra deur Heléne Howell
NS: Terloops, Ek kan net sê ek het dit geniet.

Daar is 'n gedigge wat sê:

As ek geweet het dis die laaste keer dat ek jou aan die slaap sou sien raak sou ek moeite gedoen het om jou warm toe te maak.

As ek geweet het dis die laaste keer wat ek jou by die deur sien uitloop sou ek jou gedruk en gesoen het - en jou teruggeroep het vir nog 'n drukkie.

As ek geweet het dis die laaste keer dat ek jou stem sou hoor, sou ek dit op band opgeneem het sodat ek dit weer kon speel.

Ons leef so asof daar nog baie tyd oor is om alles te doen wat ons graag wil ...

Maar sê nou vandag was die laaste kans?
Die Bybel sê:

Ons is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en somer weer verdwyn."

Kom ons maak vandag tyd om te sê: "Ek is jammer, of dankie, of ek waardeur jou. As môre dalk nie daar is nie, kom ons leef voluit! Waardeur vandag die mense rondom jou. Hou vandag jou dierbares styf vas en sê: "Jy is spesiaal vir my - Ek is lief vir jou.

Ingestuur deur Heléne Howell

U EEN STOP WINKEL

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30 • Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Herald



Elsstraat 44
HEILBRON, 9650



Betrekking vakant : Verkoopsman

Ons het tans 'n betrekking vakant vir 'n verkoopsman in ons voertuig- en trokafdeling. Aansoeker moet 'n bewese kennis en ondervinding né van verkope in die voertuig-industrie. Salaries is onderhandelbaar en voordele sluit in 'n maatskappyvoertuig. Diensaanvaarding so spoedig moontlik.

Rig navrae aan
Noël 0764642381

Spertyd
vir Vrydae
se Herald
artikels &
advertensies is
Woensdae
om 10:00.